
# Avontuur na Caprivi & Botswana

## 12-dag Caprivi-Botswana toer vanuit Windhoek na Pretoria

DAG 1: Vandag vlieg ons vanaf Suid-Afrika na Namibië. Ons sal u by die lughawe ontmoet op aankoms. Kyk asseblief vir 'n bordjie wat lees NAMAKWA TOERE. Ons oornag by Arebbusch Travel Lodge.
*Ingesluit: Aandete*
*Eenrigting vlug  vanaf CPT/ORT na WDH*

DAG 2: Ons vra vriendelik dat almal teen 06:30 gereed sal wees, sodat ons teen 07:00 vanaf Arrebusch Lodge in Windhoek kan vertrek. Van daar reis ons na Otjiwa Safari Lodge, waar ons ons eerste aand onder die sterrehemel geniet, omring deur 'n rustige atmosfeer en die kans om wild te sien.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*



DAG 3: Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons na die historiese dorp Grootfontein, bekend vir die Hoba-meteoriet waar ons 'n draai sal maak.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Ingesluit toegangsfooi: Hoba-meteorite*

DAG 4: Vanaf Grootfontein vat ons die pad wat nie baie mense reis nie om teen die Kavangorivier by Simanya te oornag.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*

DAG 5: Vandag reis ons na die oostelike Caprivi-strook, nou bekend as die Zambezi-strook en kom by Divundu aan, geleë langs die pragtige Kavangorivier. Hierdie gebied is ryk aan wild en voëllewe. Die namiddag gaan ons op 'n sonsondergangbootrit.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Ingesluit toegangsfooi/aktiwiteit: Parkfooie & Bootrit*

DAG 6: Vandag het julle die dag vir julself om Divundu te verken. 'n Lys van opsionele aktiwiteite sal aan jou voorsien word.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Uitgesluit: Opsionele aktiwiteite in Divundu*

DAG 7: Ons volg die rivier verder oos en bereik Katima Mulilo, die hoofstad van die Zambezi-strook.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*

